ADVERTENSIES

STEYNTJIENUUSBRIEF 10

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

16 Maart 2017

AKADEMIE

Die kwartaaltoetsreeks is afgehandel.

Ons hoop dat u kind se positiewe drome ten opsigte van sy/haar punte waar word.

KASKARPRETDAG

* Die Kaskardag het vandag plaasgevind en ons glo dat almal dit geniet het.
* Baie dankie vir al die ondersteuning. Ons sal volgende week meer inligting verskaf.

WELSYN

Ons vra asseblief of u ons weer behulpsaam sal wees met die **skenkings vir smere** vir ons broodjie-projek.

Sal u dit asb stuur vir mev Y de Jager by die skool.
Byvoorbaat dankie.

STEYNEGROETE

SPORT

SUPERREEKS

Sterkte aan ons **Rugby en Netbal** wat op Saterdag, **25 Maart** te Dr Malan (Meyerton) aan die finale deelneem.

* Die program sal volgende week gegee word.

WELPIE – RUGBY

Oefentye : Dinsdae en Donderdae.

0/6 tot 0/8	**17:30 - 18:30**

NETBAL

- Geluk aan ons spanne wat teen Concordia gewen en gelykop gespeel het. Dit lyk goed dogters!! Julle maak ons trots.

Nicole Jacobs en Kristen Lloyd (0/13) is deur na die **eerste rondte** van die **Gautengproewe**. Dit is voorwaar 'n groot prestasie. Ons dink aan julle en hou ons duime styf vas.

MINI-NETBAL

MINI-NETBAL: 0/7, 0/8, 0/9	
22 April	L/S Genl Alberts
6 Mei	TUIS
13 Mei	Oosterkruin
20 Mei	L/S Risiville
27 Mei	Leeuwenhof
* Hou asb die briefies dop. Soms nooi die skole NET RUGBY.	

GEDAGTE VAN DIE WEEK

Die vreugde wat jy het wanneer
jy naby aan die Here lewe,
werk aansteeklik in op almal rondom jou!

Hannes Burger

ATLETIEK

Geluk en sterkte aan **Denelize Botha** en **Cayden Groenewald** wat in die **Gautengspan** opgeneem is vir die SA Kampioenskappe wat plaasvind op 23 – 25 Maart 2017.

PRODUKSIES 2000 - 30/03

Op **30 Maart 2017** word ons skool weer besoek deur die gewilde Produksie 2000 Groep met ***"Die Gesig in die spieël"*** teater stuk. Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om u kind se waarde sisteem verder te ontwikkel. Moenie uitmis nie.

"Die Gesig in die spieël" fokus op **Respek** – veral self-respek, waarsonder 'n kind dit moeilik vind om by die huis en skool optimaal te funksioneer. Respek vir ander en reëls kom ook onder die vergrootglas. Die produksie wys duidelik dat wederkerige respek 'n basiese mensereg is en dat disrespek verdien word. Die produksie bestaan uit vier professionele akteurs, 'n dinamiese energie en groot stel op die verhoog.

Die kaartjieprys is R12-00 - Inbetaalbaar by klasonderwysers.

VROEëR UITKOM VIR DIE LANGNAWEKE om 12uur.

Net om weer te herinner:

Die skool gaan môre op **Vrydag 17 Maart** om **12:00 uitkom.**

Maandag, ***20 Maart 2017*** is 'n **Skoolvakansiedag.**
Dinsdag, ***21 Maart 2017*** is dit **Menseregtedag.**
Die skool sal weer normaal voortgaan op Woensdag, 22 Maart 2017.

Die skool gaan op **Woensdag 26 April** 2017 verdaag om **12:00**

Donderdag, ***27 April 2017*** is dit **Vryheidsdag.**
Vrydag, **28ste April 2017** is 'n **Skoolvakansiedag.**
Maandag, **1 Mei** is dit **Werkersdag**.
Die skool sal weer normaal voortgaan op Dinsdag, 2 Mei 2017.

Ina Fourie - 084 703 7243